



# Weeklikse Verslag


31 Mei 2023



# Agenda

Die nuutste verbruik syfers is uitgegee, en met dit word die mielie seisoen afgesluit. Ons kyk na die verbruik van mielies en oliesade.

- Mielie aanwending
- Oliesaad aanwending
- VSA Grondvog
- Grafieke
- Weeklikse Opsomming
- SAGIS Uitvoer Vordering



# Mielie Aanwending

COMDI AGRICULTURAL MARKETS



Regs is die totale mielie verbruik.

Die totale mielie verbruik vir April was baie sterk met beide wit-en-geelmielies wat goed vertoon.

Daar is 900 000 ton se mielies aangewend in die verskillende formate (wit en geel, mens en dier verbruik).



# Mielie verbruik


Soos genoem, sluit die verbruik seisoen af.


Die **witmielie** verbruik eindig 700 000 ton minder as verlede jaar. Die rede vir dit is die witmielies het minder in die vervoer mark gevloei hierdie jaar as verlede jaar. Daar is 825 000 ton se witmielies hierdie seisoen minder gevoer as die vorige seisoen. Die menslike verbruik het toegeneem.

Die **geelmielie** verbruik eindig 950 000 ton sterker as verlede jaar.

Die **wit-en-geelmielie** verbruik in totaal is dus 250 000 ton meer as verlede jaar wat 'n toename van 2.2% verteenwoordig.

Die **menslike** verbruik van mielies groei 215 000 ton vanaf verlede jaar en **diere** verbruik met 60 000 ton.





# Oliesaad Aanwending

COMDI AGRICULTURAL MARKETS

# Opbrengs scenario's


Die oliesade se nuwe verbruik seisoen het afgeskop en hierdie is die tweede verbruik inligting vir die seisoen wat ons kry.

Bo is die sojaboont verbruik en onder is die sonneblom verbruik.

Die sojaboont verbruik skop die seisoen stadig af, maar doen goed om in die April verbruik van die verliese op te maak. Onthou hier is 'n rekord sojaboont oes op pad.

Die sonneblomsaad verbruik het nie fantasties begin nie, maar teen Mei maand sal die groot verbruik begin.

Maandelikse aanwending van Sojabone



Maandelikse aanwending van Sonneblom






# VSA Grondvog

Die VSA is 92% klaar geplant op mielies.





# RSA Grondvog



Corn Planted - Selected States  
[These 18 States planted 92% of the 2022 corn acreage]

State	Week ending			2018-2022 Average
	May 28, 2022	May 21, 2023	May 28, 2023	
Colorado .....	81	62	78	83
Illinois .....	87	91	95	82
Indiana .....	79	77	92	75
Iowa .....	93	95	98	92
Kansas .....	85	71	82	84
Kentucky .....	88	84	91	87
Michigan .....	77	60	80	70
Minnesota .....	79	80	93	88
Missouri .....	90	97	98	88
Nebraska .....	94	87	96	94
North Carolina .....	99	97	99	98
North Dakota .....	51	32	72	73
Ohio .....	69	66	89	68
Pennsylvania .....	60	64	77	68
South Dakota .....	83	76	92	79
Tennessee .....	96	94	97	94
Texas .....	94	88	92	94
Wisconsin .....	77	69	90	79
18 States .....	84	81	92	84





# Grafieke

31 Mei 2023


COMDI AGRICULTURAL MARKETS



## CBOT Jul'23 Corn

Die CBOT Jul'23 Corn kontrak gaan toets vlugtig bo die 40-dag GG lyn, maar kon nie die vlakke hou nie en sluit sterk af, met nog 'n rooi kers vir die oornag verhandeling sover.

Tegnies gee kruis die stogastiese aanwyser se lyne.





## Safex Jul'23 Wmaz

Die Safex Jul'23 WMAZ kontrak sluit weer bo die die 9-dag en 40-dag GG lyne wat tan bymekaar lê op

R3640.


Die tegniese het hierdie kontrak nog nie na af gebreek nie, en die ondersteuning teen R3670 staan nog.





## CBOT Jul'23 Bean

Die CBOT Jul'23 BEAN kontrak breek af na die langnaweek se verhandeling en maak 'n nuwe kontrak laag.  
Die tegniese aanwyser is oorverkoop.





## Safex Jul'23 Soya


Die Safex Jul'23 SOYA kontrak breek na onder. Ek het verlede week gesê die patroon lyk of dit laer kan breek en ons sien die eerste daling. Dit is steeds nie bevestig nie, maar indien dit bevestig kan R7400 getoets word. Tegnies is die momentum sterk negatief.





## Dollar indeks

Die VSA Dollar indeks verhandel sterker die afgelope week na dit teen 101 gedraai het en my gevoel is dat die 106 vlak getoets kan word.






# Rand/Dollar wisselkoers

Die Rand/Dollar wisselkoers verswak weens die sterker Dollar asook die nuutste misdaad syfers se swak vertoning plaas verder druk op die mark.

Die internasionale sediment is al hoe meer dat SA 'n mislukte staat word.






# Opsomming

COMDI AGRICULTURAL MARKETS



- Die mielie verbruik seisoen sluit af en ons gee 'n blik terug op die seisoen.
- Die witmielie verbruik kom te staan op 6.43 miljoen ton. Dit is 700 000 ton minder as verlede jaar. Daar het minder witmielies in die vervoer mark gevloei as verlede jaar.
- Die geelmielie aanwending beloop 4.98 miljoen ton en is 950 000 ton meer as verlede jaar.
- In totaal is die mielie verbruik 250 000 ton of 2.2% sterker as verlede jaar.
- Die menslike verbruik van mielies groei 215 000 ton vanaf verlede jaar en diere verbruik met 60 000 ton.



COMDI AGRICULTURAL MARKETS



# SAGIS UITVOER VORDERING

COMDI AGRICULTURAL MARKETS



SAGIS

# UITVOERE PER WEEK



VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA



COMDI-AGRI



COMDI-AGRI



COMDI-AGRI



COMDI-AGRI

COMDI.CO.ZA

DANKIE



(012) 111 0557 or by [info@4ietrading.co.za](mailto:info@4ietrading.co.za)

Geskryf deur **Francois Fourie** van 4IE Trading, in samewerking met COMDI Agricultural Markets (Pty) Ltd

[COMDI.CO.ZA](http://COMDI.CO.ZA)